



## INHOUDSOPGAWE

1. Voorsitter se verslag
2. Finansiële state
3. Beleggings van die Fonds
4. Die Fonds se verstek-  
lewensfasebeleggingstrategie
5. Beleggingsopsies
6. Voorligting oor aftreevoordele
7. Verstekbewaringsopsie in USAF
8. Verdeling van sterftevoordele  
voor aftrede
9. Boedelbeplanning
10. Verkiesing van lidtrustees
11. Sanlam se aftreefonds-webwerf  
en Sanlam App – jou toegang tot  
USAF
12. Finansiële advies
13. Belangrike kontakbesonderhede

## I. Voorsittersverslag

Dit is vir my 'n plesier om 'n oorsig van die afgelope paar maande te verskaf en om terugvoer te gee oor wat in die Fonds gebeur het. Wat beleggings betref, is die Fonds se beleggingsopbrengste aansienlik beïnvloed deur die verlangsamings in die wêreld- en plaaslike ekonomie. Ondanks die onbestendige marktoestande het die USAF-portefeuljes egter nog steeds baie goed gevaar in vergelyking met hul portuurgroep.

Die ouditeure het 'n ongekwalifiseerde auditverslag ten opsigte van die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 uitgereik. Die finansiële state was onlangs deur die Raad van Trustees goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor ingedien.

Die Raad van Trustees is daaraan toegewy om die Fonds se dienslewering aan sy lede nog verder te verbeter en te verseker

dat lede se behoeftes in ag geneem word. Vanaf 1 Maart 2019 bied USAF 'n voorligting diens gratis aan lede wat die indiensneming van die Universiteit verlaat, sowel as aan lede nader aan aftrede. USAF gee jou die keuse om jou aftreegeld in die Fonds te bewaar wanneer jy die Universiteit se diens verlaat. Lees meer hieroor in afdeling 7.

Dit is belangrik om jou begunstigdebeneoemingsvorm op datum te hou. Lees meer oor hoe jou voordeel verdeel sal word indien jy sterf voor aftrede asook oor die belangrikheid om 'n testament te hê in afdelings 8 en 9.

USAF-lede sal gedurende die laaste kwartaal van die jaar die geleentheid gegee word om aan die verkiesing van lidtrustees deel te neem. Ek moedig jou aan om deel te neem in die verkiesing proses.

Groete

**Prof N Krige**  
Voorsitter



## 2. Finansiële state

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 is in Junie 2019 aan die oudit- en risikosubkomitee van die Raad van Trusteas voorgelê. USAF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad van Trusteas het op aanbeveling van die oudit- en risikosubkomitee die finansiële state goedgekeur en die state op 1 Augustus 2019 by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor ingedien.

## 3. Beleggings van die Fonds


### Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje bestaan uit beide 'n plaaslike en 'n buitelandse komponent. Die plaaslike komponent is in gelyke dele tussen die volgende beleggingsbestuurders verdeel: Allan Gray, Coronation en Investec. Neem asseblief kennis dat verskille in die bestuurders se beleggingsopbrengs van tyd tot tyd veranderings in toewysings aan bestuurders meebring. Die buitelandse komponent word deur Willis Towers Watson bestuur.

Die samestelling van die Groeiportefeulje volgens bestuurertoewysings was op 31 Julie 2019 soos volg:

### Bestuurertoewysing


- WTW Diversified Global Balanced
- Allan Gray Domestic
- Coronation Domestic
- Investec Domestic



Die samestelling van die Groeiportefeulje volgens bateklasse was op 30 Junie 2019 soos volg:

### Bateklasse

- SA Aandele
- SA Effekte
- SA Eiendom
- SA Kontant
- SA Verskanste Aandele
- SA Kommoditeite
- Internasionale Aandele
- Internasionale Effekte
- Internasionale Eiendom
- Aandele van Ontluikende Markte



Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste (na aftrekking van fooie) tot 31 Julie 2019

Tydperk	Groeiportefeulje	Portuurgroep-topkwartiel*	Inflasie plus 5%
12 maande	3.5%	4.1%	9.5%
36 maande	6.0%	5.1%	9.7%
60 maande	7.1%	6.3%	10.0%


\* Die portuurgroep-topkwartiel bestaan uit die beleggingsbestuurders wat driekwart van hul portuurgroep oortref het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

Die Groeiportefeulje het oor die tydperke van 36 en 60 maande beter presteer as die topkwartiel-portuurgroep. Dit is 'n baie gunstige uitkoms. Die goeie prestasie was hoofsaaklik te danke aan die opbrengste wat die Fonds se internasionale beleggingstrategie behaal het.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>.

## Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes

Die batetoewysings van die portefeuljes was op 30 Junie 2019 soos volg:



Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van USAF se ander portefeuljes op 31 Julie 2019:

Portefeulje	Aanvangsdatum	Opbrengs oor 12-maandetydperk	Inflasie oor 12-maandetydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	7.7%	4.5%	6.6%	5.0%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	8.5%	4.5%	7.9%	5.0%
Kapitaalbeskerming	01/04/2009	8.5%	4.5%	9.2%	5.2%
Shari'ah	01/12/2017	7.3%	4.5%	4.4%	4.9%

Die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes het reële opbrengste van onderskeidelik 1.6% en 2.9% p.j. behaal oor die twee jaar en ses maande sedert aanvang.

## Totale Onkosteverhouding (TOV)

Die geraamde Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die Groeiportefeulje is **0.74%**. Die geraamde TOV vir die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes is elk **0.87%** p.j.

*Die TOV is 'n geannualiseerde waarde (tipies gemeet oor 'n deurlopende driejaartydperk of sedert aanvang, en uitgedruk as 'n %) en sluit die volgende in:*

*Jaarlikse batebestuursfooie, batebestuursprestasiofooie (as daar is), bankkoste, ouditfooie, belasting (bv. BTW), bewaarder- en trusteefooie en koste in verband met die uitlening van sekuriteite (as daar is).*

## 4. Die Fonds se verstek-lewensfasebeleggingstrategie

Die Fonds bied jou 'n verstek-lewensfasebeleggingsportefeulje waar jou geld tot op ses jaar voor jou normale aftreedatum in die Groeiportefeulje belê word. Jou geld word dan outomaties uit 'n hoë-groei/hoë-risiko- in 'n lae-groei/lae-risiko-portefeulje ingefaseer vanaf ses jaar voor aftrede.

Volgens die lewensfase-strategie word die volle fondskrediet vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas. Die geld sal in gelyke dele by wyse van 25 kwartaalike skuiwe oorgeplaas word, sodat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.


Die lewensfase-strategie word hieronder grafies verduidelik:



## 5. Beleggingsopsies

USAF bied ook ander beleggingsopsies as die verstek-beleggingstrategie aan lede vanaf ouderdom 53.

As jy besluit om die Beleggingskeuse-opsie uit te oefen, kan jy vanaf ouderdom 53 kies om jou fondskrediet in die volgende portefeuljes te belê:



**Neem asseblief kennis:** Hierdie model is geskik vir lede wat gemaklik voel oor beleggingskonsepte en hul eie beleggingsbesluite neem. Jy word aangeraai om finansiële advies by 'n gesertifiseerde finansiële adviseur in te win voordat jy jou beleggingskeuse uitoefen of tussen portefeuljes omskakel.

USAF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie terselfdertyd aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstip uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

## 6. Voorligting oor aftreevoordele

USAF bied sedert 1 Maart 2019 persoonlike voorligting oor aftreevoordele aan lede voordat hulle die diens van die Universiteit Stellenbosch (US) verlaat.

Voorligting oor aftreevoordele verwys na die bekendmaking en verduideliking, in duidelike en verstaanbare taal, van die risiko's, koste en heffings verbonde aan die Fondsopties wat vir lede beskikbaar is.

Daar word spesifiek 'n verduideliking gegee van die proses en die bepalings en voorwaardes van:

- Die beskikbare beleggingsportefeuljes
- Die bewaringsopsie wat in die Fonds beskikbaar is
- Die Fonds se annuïteitstrategie (pensioenstrategie)
- Enige ander opsies wat vir lede beskikbaar is.

Voorligting oor aftreevoordele **sluit** egter **nie advies in nie** – ook nie oor belastingkwessies nie.

Wanneer 'n lid besluit om US se diens voor aftrede te verlaat, sal die Fonds se aftreevoordeel-voorligter met die lid in verbinding tree om 'n persoonlike voorligtingsessie te reël om die beskikbare opsies te verduidelik, asook die belastingimplikasies wanneer 'n deel van of die volle fondskrediet in kontant geneem word.

Binne ses maande voor 'n lid se normale aftreedatum sal die aftreevoordeel-voorligter 'n aftree-inligtingsdokument aan die lid stuur. Dit sal USAF se annuïteitstrategie asook die belangrikheid van elke bousteen verduidelik, en die opsies wat deur USAF aangebied word. Die dokument sal illustratiewe kwotasies vir 'n inflasiegekoppelde annuïteit van vier voorkeurdiensverskaffers – Old Mutual, Momentum, Sanlam en Just SA – insluit, asook illustratiewe onttrekkingskoerse van die in-fonds lewende annuïteit.

Die aftreevoordeel-voorligter sal met die lid in aanraking kom om 'n persoonlike voorligtingsessie te reël om feitlike inligting te verskaf en die Fonds se aftree-inligtingsdokument te verduidelik. Aftreevoordeel-voorligters mag nie finansiële advies gee nie. USAF gee lede die keuse om met 'n adviseur van een van die vyf voorkeur-finansiële adviseursfirmas te gesels wat hulle met hul finale keuses by aftrede kan bystaan.

## 7. Verstekbewaringsopsie in USAF

Sedert 1 Januarie 2019 bied USAF aan lede die opsie om 'n opbetaalde lid te word by diensbeëindiging voor aftrede, hetsy diens as gevolg van bedanking, aflegging of ontslag beëindig word. Opbetaalde lidmaatskap beteken jou geld sal in USAF bly totdat jy dit in kontant wil onttrek, na 'n ander goedgekeurde fonds wil oordra of uiteindelik uit alle diens aftree. USAF sal binne twee maande nadat lede opbetaalde lede geword het, aan hierdie lede sertifikate van opbetaaldmaking gee.

Die volgende geld vir opbetaalde lede:

- Jou fondskrediet sal belê bly in die portefeulje waarin dit was toe jy US se diens verlaat het, en voortgaan om beleggingsopbrengste te verdien. Jy sal ook vanaf ouderdom 53 na die ander beskikbare portefeuljes kan omskakel.
- Jy sal nie meer bydraes tot USAF kan lewer nie, maar jy sal nog steeds administrasiekoste betaal terwyl jy 'n opbetaalde lid is.
- Vanaf die datum wat jy US se diens verlaat, sal jy nie meer vir risikovooredele kwalifiseer nie.
- Indien jy te sterwe kom, sal jou fondskrediet ooreenkomstig artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse verdeel word.
- Jy sal jaarliks 'n voordeelstaat ontvang.

**Neem asseblief kennis:** Indien USAF nie 'n opdrag van jou ontvang omtrent wat jy met jou fondskrediet wil doen nie, sal jy outomaties 'n opbetaalde lid word.

Dit is baie belangrik om jou aftreefondsgeld te bewaar wanneer jy van werk verander. Dit kan op baie kostedoeltreffende maniere gedoen word, soos om jou aftreevoordeel in jou huidige fonds te laat of dit na jou nuwe werkgewer se fonds oor te dra. Op dié manier kan jy belasting op die voordeel bespaar en jou aftreespaargeld bly onaangeraak, terwyl jy nader aan jou aftreedoelwitte beweeg. Selfs al was jy net 'n kort rukkie lid van USAF en jou opgehoopte fondskrediet lyk miskien klein, sal die bewaring van die voordeel jou help om jou aftreedoelwitte oor die langer termyn te bereik.

## 8. Verdeling van sterftevoordele voor aftrede

By jou dood voor aftrede word jou USAF-fondskrediet betaalbaar. Indien jy **nie** besluit het om die goedgekeurde sterftedekking wat deur die Fonds aangebied word te **staak nie**, is 'n gadepensioen gelyk aan 35% van jou pensioengewende salaris betaalbaar, asook 'n kinderpensioen gelyk aan 10% van jou pensioengewende salaris vir elke afhanklike kind, maar beperk tot drie afhanklike kinders op enige tydstip. Indien geen pensioen aan 'n gade betaalbaar is nie, sal die bedrag van die kinderpensioen verdubbel word. 'n Minimum sterftevoordeel gelyk aan twee keer pensioengewende salaris is betaalbaar.

Dit is die Raad van Trustees se verantwoordelikheid om die enkelbedrag-sterftevoordeel (fondskrediet en twee keer pensioengewende salaris [indien op jou van toepassing]) wat by jou dood deur die Fonds betaalbaar is, tussen jou afhanklikes en/of benoemdes te verdeel op 'n wyse en in verhoudings wat die Raad billik ag. Dit is belangrik om kennis te neem dat jou sterftevoordeel dus nie ooreenkomstig jou testament verdeel sal word nie.

Die volgende persone sal by jou dood as afhanklikes kwalifiseer:

- 'n Persoon vir wie jy regtens aanspreeklik was om te onderhou (voor te sorg), ongeag of jy dit werklik gedoen het of nie – bv. jou gade of jou kind, insluitend 'n buite-egtelike kind, 'n kind wat na jou dood gebore word, of 'n wettig aangename kind
- 'n Persoon vir wie jy nie regtens aanspreeklik was om te onderhou (voor te sorg) nie, maar wat feitelik/finansiëel van jou afhanklik was vir finansiële onderhoud – bv. jou permanente lewensmaat
- 'n Persoon vir wie jy regtens aanspreeklik sou geword het om te onderhou as jy nie gesterf het nie – bv. jou verloofde of 'n ongeboore kind.
- 'n Benoemde is enige persoon wat jy op jou begunstigdebenedoemingsvorm benoem het om 'n deel van jou sterftevoordeel te ontvang. Jou benoemde moet 'n natuurlike persoon wees.

Indien jy deur beide jou **afhanklikes en benoemdes** oorleef word, sal jou voordeel tussen die afhanklikes en benoemdes verdeel word in verhoudings wat deur die Raad van Trustees van die Fonds billik geag word. Die verdeling van jou sterftevoordeel tussen jou afhanklikes en benoemdes is onderworpe aan die Raad se diskresie en die Raad hoef nie 'n deel van die voordeel aan beide kategorieë toe te ken, of aan een 'n groter deel toe te ken as die ander nie.

Indien dit gebeur dat jy **nie** deur enige afhanklikes oorleef word nie maar 'n begunstigdebenedoemingsvorm ingevul het, moet die Raad van Trustees van USAF die voordeel aan jou benoemde(s) betaal, met dien verstande dat enige tekort in jou boedel (as die totale skuldbedrag in die lid se boedel die totale batewaarde van die boedel oorskry) eers vereffen moet word voordat die oorblywende bedrag van die sterftevoordeel gebruik kan word om die benoemde(s) te betaal. Die verdeling van jou sterftevoordeel sal nie meer aan die Raad van Trustees se diskresie onderworpe wees indien jy slegs deur 'n benoemde(s) oorleef word nie.

As jy nie deur afhanklikes oorleef word nie en ook nie begunstigdes benoem het nie, sal jou sterftevoordeel in jou boedel inbetaal word.

Om 'n regverdige verdeling van jou sterftevoordeel tussen jou afhanklikes en/of benoemdes te verseker, sal die Raad elke begunstigde se status ten opsigte van finansiële afhanklikheid van jou ten tyde van jou dood, en veral die omvang van hul finansiële afhanklikheid, ondersoek en beoordeel. Die Raad sal ook kyk na ander bedrae wat aan jou begunstigdes betaal word as gevolg van jou dood (bv. testamentêre bemakings); die toekomstige verdienvermoë en vooruitsigte van die begunstigdes; die onderskeie ouderdomme van die begunstigdes; die verhouding van die begunstigdes met jou ten tyde van jou dood; en hoe groot jou sterftevoordeel is.

In die geval van minderjarige begunstigdes (d.i. jonger as 18 jaar) kan hul voordele aan hul wettige voog of versorger, aan 'n begunstigdefonds of aan 'n trust betaal word, om die voordeel te laat groei totdat die minderjarige mondig word. Voordat geld aan die voog of versorger van jou minderjarige kinders betaal word, sal die Fonds die omstandighede ondersoek waarin sulke fondse waarskynlik deur daardie persoon geadministreer sal word.

Daar is twee tipes omstandighede wat die Raad sal toelaat om jou sterftevoordeel in 'n trust in te betaal ten behoeve van jou minderjarige afhanklike(s):

- Indien die trust deur jou benoem is (by wyse van 'n testamentêre trust) of deur die voog van jou minderjarige afhanklike(s); en
- Indien die trust bepaal dat die voordeel wat in die trust inbetaal word uitsluitlik tot voordeel van die minderjarige afhanklike(s) aangewend moet word, en dat die minderjarige afhanklike(s) in dieselfde verhouding in die voordeel deel wat deur die Raad van die Fonds bepaal is.

**Belangrik:** 'n Begunstigdebenedoemingsvorm is 'n uitdrukking van jou wense, waarop jy aandui aan wie jou fonds-sterftevoordeel volgens jou wense betaal moet word indien jy sterf terwyl jy nog by jou werkgever in diens is.

Selfs al het jy nie afhanklikes nie, moet jy nog steeds 'n begunstigdevorm invul en iemand benoem aan wie jou voordeel betaal moet word. Anders sal jou voordeel aan jou boedel betaal word. Eksekuteursgelde sal daarop betaalbaar wees, wat gewoonlik nie op 'n direkte betaling aan 'n benoemde begunstigde van toepassing is nie. Neem egter kennis dat die trustees deur die wet verplig word om enige tekort in jou boedel te dek voordat jou begunstigde(s) betaal word.

**Onthou om jou begunstigdebenedoemingsvorm op datum te bring, veral na lewensgebeurtenisse soos wanneer jy trou, skei, 'n kind kry, of wanneer 'n begunstigde sterf, ens. Jy kan jou begunstigdebenedoemingsvorm op die Oracle-selfhelpstelsel bywerk.**

## 9. Boedelbeplanning

Die gebrek aan 'n plan maak enige taak in die lewe soveel moeiliker. Dit geld ook vir boedelbeplanning. Die eenvoudigste manier om boedelbeplanning te verstaan, is om daaraan te dink as die wyse waarop jy jou sake in orde kry vir jou geliefdes wat jy agterlaat wanneer jy te sterwe kom.

Jou boedel bestaan uit alles wat jy besit, soos jou motor, huis, ander eiendom, meubels, persoonlike besittings, geld in bankrekeninge, beleggings en selfs persoonlike lewensversekering wat jy moontlik het. Almal het 'n boedel, ongeag hoe groot of klein dit is, en dis iets wat nie een van ons kan saamneem wanneer ons te sterwe kom nie.

Twee van die belangrikste dinge omtrent jou boedel is om seker te maak dat jy 'n geldige testament het wat op datum is, en dat jy genoeg likiditeit in jou boedel het om die verskillende koste en fooie te dek wat met die afhandeling van jou boedel na jou dood gepaard kan gaan.

Jou testament is 'n padkaart van wat jy wil hê moet gebeur wanneer jy nie meer daar is nie. Met die opstel van jou testament sal jy van die volgende vrae oorweeg het:

- Aan wie jou boedel agtergelaat moet word
- Of jy spesifieke items aan sekere persone wil agterlaat
- Of 'n testamentêre trust nodig is om jou kinders se erfenis te beskerm
- Wie jy as voog sal benoem om na jou minderjarige kinders (as jy het) om te sien
- Of jy begrawe of veras wil word, en of jy ander wense het, soos om organe te skenk, ens.
- Wie jy as eksekuteur of gesamentlike eksekuteurs wil aanstel om jou bestorwe boedel ooreenkomstig jou testament af te handel.

Verder is 'n belangrike oorweging wat baie mense uit die oog verloor, die koste wat deur die bestorwe boedel gedra word.

Maak voorsiening vir genoeg kontantbates om uitgawes te dek soos:

- **Eksekuteursfooie** – vir die persoon/finansiële instelling wat die finale finansiële en regsangeleenthede van die oorledene hanteer
- **Akteprokureur se fooie** – om eienaarskap van 'n eiendom oor te dra, moet dit by die aktekantoor geregistreer word
- **Boedelbelasting** – belasting wat op die boedel gehef word indien die waarde van die boedel bo 'n sekere bedrag is
- **Vereffening van verpligtinge** – bv. verband, kredietkaartskuld en administrasiekoste
- **Testamentêre trustfooie** – indien van toepassing
- Enige ander **belastingverpligtinge** wat by dood kan ontstaan, soos kapitaalwinsbelasting.

Indien jou boedel by jou afsterwe nie genoeg likiditeit het nie, kan jou familieledede en afhanklikes moontlik swaar kry as hulle self kontant moet voorsien of moet instem om 'n bate te verkoop om die nodige kontant te kry.

Sonder 'n geldige testament sal jou boedel volgens die erfopvolgingsreg verdeel word, en dit sal dalk nie met jou wense ooreenstem nie.

'n Geldige testament, plus 'n bygewerkte begunstigdebeneemingsvorm, sal baie help om te verseker dat jou besittings verdeel word soos jy dit wou hê. Jy sal ook jou geliefdes met groter finansiële gemoedsrus agterlaat.

**Let asseblief** daarop dat die inligting hierbo nie as finansiële advies beskou moet word nie. Dit is bloot ter inligting. Ons wil sterk aanbeveel dat jy 'n finansiële adviseur raadpleeg om holistiese boedelbeplanningsadvies te kry.

## 10. Verkiesing van lidtrustees

Die Raad van Trustees van USAF bestaan uit vyf werkgewer- en vyf werknemertrustees. Die ampstermyn van die werknemertrustees wat in Desember 2016 gekies is, verstryk in Desember 2019. In September en Oktober 2019 sal lede die geleentheid kry om vyf werknemertrustees te kies om hulle in die Raad van Trustees te verteenwoordig.

Hou die pos dop vir kommunikasie oor die verkiesing en maak seker dat jy jou stem oordeelkundig gebruik. Onthou, die persone wat jy kies, moet sterk daarop ingestel wees om hul kollegas in die bestuur van die Fonds se sake te verteenwoordig.

## 11. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot USAF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en die Sanlam App te registreer om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, en die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie, 24/7. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam kan sien via een portaal.

### Hoe kry ek toegang tot die Aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek [www.sanlam.co.za](http://www.sanlam.co.za). Klik op Login (regs bo) en kies Secure Services.
- Kies Register en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikersnaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord aangesien dit slegs een keer gebruik mag word.

- Bewaar die webwerf as 'n gunsteling (favourite) in jou blaaier vir maklike toegang.

## Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement app** af van Google Play Store of Apple App Store. Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou USAF-inligting.

## 12. Finansiële advies

Ons herinner jou dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

### Die paneel van voorkeurdienverskaffers bestaan uit:

#### Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:

+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@forbes.co.za

#### Efficient Wealth:

+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

#### Finfocus:

+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

#### Graviton:

+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

#### Sanlam Finansiële Advies:

+27 83 375 1028 / hanlie.wethmar@sanlam.co.za

USAF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

### Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

## 13. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor USAF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree. Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor USAF het.

### Hoofbeampte

#### Japie Kotzé

**Tel:** +27 (0)21 808 2754

**Faks:** +27 (0)21 808 2484

**Epos:** jjsk@sun.ac.za

### Voordeelkonsultant

#### Alfreda April

**Tel:** +27 (0)21 912 3316

**Faks:** +27 (0)21 912 3341

**Epos:** alfreda@simekaconsult.co.za

### Vergoedings- en Voordele-afdeling

#### Peter Kirsten

**Tel:** +27 (0)21 808 3740

**Faks:** +27 (0)21 808 2484

**Epos:** pkirsten@sun.ac.za

### Pensioenfondsberegter (PFB)

**Epos:** enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad ([www.pfa.org.za](http://www.pfa.org.za)) vir meer besonderhede.